# Natuurbewaring



*"Ek is myself en wat rondom my is, en as ek dit nie oppas nie sal dit my nie oppas nie."*
*- José Ortega y Gasset*

***Doelwit:*** *Om die Verkenner bloot te stel aan die funksie en werksaamhede van natuurbewaring.*
***Weergawe:*** *2007.0*
***Datum:*** *Augustus 2007*

## Begronding:

***Voortrekkerkode:***
5. 'n Voortrekker leer uit die geskiedenis van sy volk en bou die toekoms daarop.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.

***ABC:*** God het die natuur geskep as een van die mediums wat ons kan gebruik om Hom te ken. Wanneer die Verkenner die spesialisasie voltooi sal hy die geleentheid kry om kennis en praktiese ervaring in die uitleef van sy Christenskap en burgerskap op te doen.

## Aanbiedingsvereistes:

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Tydsduur:** | 2 dae | **Graadgroep:** | 8 - 12 |
| **Voorvereistes:** | Geen | | |
| **Aanbieding:** | Die spesialisasie kan individueel of in spanverband afgehandel word. | | |
| **Toekennings instansie:** | Kommando | | |

## Uitkomste:

*Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:*

1. *'n Organogram saamstel wat die posisie van alle rolspelers in die natuurbewaringsveld aantoon.*
2. *'n Natuurbewaringsgebied identifiseer en bewus wees van die doel en funksie daarvan.*
3. *Die natuurbewaringsgebied wat geïdentifiseer is, vir minstens **twee** dae besoek waartydens 'n kundige persoon die volgende aspekte op 'n praktiese manier tuisbring:*
   - *3.1 Die doel, bestuur en navorsing wat in die spesifieke bewaringsgebied gedoen word.*
   - *3.2 Die plante en dierespesies wat bedreig word.*
   - *3.3 Wildsiektes en die verspreiding en bekamping daarvan.*
   - *3.4 Die oordeelkundige benutting van die natuur.*
   - *3.5 Die invloed van veldbrande, besoedeling, droogtes, bosindringing, probleemdiere, ensovoorts.*
   - *3.6 Die handhawing van 'n natuurlike ekostelsel.*
   - *3.7 Die rol van toerisme.*

HOU KOERS